

## Sing vooraf staande: Psalm 42:5 (p. 215)

- 5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.  
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.  
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;  
my gebed sal opwaarts strewe / na die bronwel van my lewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 145:1, 5, 7 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:  
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.
- 7 Maar bo hul uit weerklink 'n ander prys: / Gods gunsvolk sing sy roem op klaarder wys,  
dat elke volk kan hoor die groot gerug / van heerskappy wat wegdreun deur die lug.

## Gebed

### Psalm 103:1 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!  
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,  
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Skriflesing: Jesaja 61:1-4 en Jesaja 62:1-5 en Openbaring 14:1-10

Teks: Jesaja 62:2

**En die nasies sal jou geregtigheid sien en al die konings jou  
heerlikheid; en jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van  
die HERE sal noem. (Jesaja 62:2 AFR1953)**

Dit help nie veel om die heel tyd agtertoe te kyk in die lewe nie. Die Here leer ons self dat  
'n landbouer wat ploeg en agtertoe kyk, nie sy land reg gaan ploeg nie.

Daarom kyk ons in hierdie preek vorentoe – ver vorentoe. Waar gaan die Here met ons  
heen?

Is die hoogste begeerte van elkeen van ons nie dat ons lewens deur die Here vrygemaak  
sal word van al die ellendes van hierdie lewe nie?

- Dis nou dinge soos liggaamlike lyding en van die noutes wat die lewe dikwels om  
ons sielelewe span.
- Elke keer as ons aan die einde van 'n jaar kom, en ons mag deurgaan na die  
volgende jaar toe, is daar tog ook iets hiervan waar.
- Dit is asof ons in elke jaarorgang iets simbolies het van dit wat gebeur wanneer  
ons uit hierdie lewe oorgaan in die ewige lewe.
- In die vergifnis en krag van die Here Jesus Christus gaan ons uit hierdie lewe oor in  
die ewige lewe by God.

Kom ons kyk terug na die jaar wat verby is.

- Ons was langs 'n graf wanneer die Here iemand onder ons weggehaal het om reeds voor sy troon diens te aanvaar.
- Dink daaraan hoeveel lidmate wat deur baie ernstige siekbeddens gegaan het, in ons gebede was.
- Ons is vasgevang in hierdie wêreldwye politieke en geldelike krisis.

Maar dit beteken nie dat ons nie meer lewe nie en in 'n ewige donkerte weggesink het nie.

- Ons lewe nog steeds in die vryheid en in die volmaaktheid van God se teenwoordigheid.
- Elke keer as ons by 'n wendingspunt kom – soos byvoorbeeld die oorgang van een jaar in 'n ander een in – besef en beleef ons die werklikheid van die verlossing van die Here Jesus Christus.
- Dit is waar dat ons die volmaaktheid van die nuwe hemel en die nuwe aarde op hierdie oomblik nog nie finaal ervaar nie, want ons bereik eers daardie volmaaktheid wanneer die Here Jesus weer kom, en ons liggame uit die dood opwek en weer met ons siele verenig word.
- Maar dis net so waar dat ons nuut agterkom dat die bewarende hand van die Here ons nog steeds in hierdie lewe ook lei en versorg.

Elke afsluiting van 'n ou jaar en die ingang in 'n nuwe jaar herinner ons aan die wederkoms wanneer die Here op die wolke gaan verskyn.

- Dan gaan ons in heerlijkheid in verander word en deur Hom op die nuwe aarde gevestig word.
- Hier staan in Ou-Testamentiese beelde geskryf dat daardie dag 'n dag is waarop die gevangenes vrygelaat word en die geboeides losgelaat word – dis natuurlik ons wat vrygemaak word van al die ellendes van hierdie lewe!
- Daardie dag is die dag van die heel grootste genade, want daardie dag word al die treurendes vir ewig getroos.

Die Here bemoedig ons in die gedeeltes wat ons saam gelees het:

- Al word ons in die lewe gebuig deur dinge soos finansiële spanning en soms vrees vir ons veiligheid en selfs verdrukking van watter aard ook al, daardie dag sien ons wat glo die Here in die volle lig van sy geregtigheid.
- Daardie dag word ons deur die Here opgewek om saam met Hom in sy Lig te lewe – ons en almal wat saam met ons in die Here geglo het toe ons nog in die lewe op die aarde was.
- Daardie dag is ons almal in heerlijkheid saam in 'n nuwe lewe – die lewe waar die Here ons met 'n nuwe naam noem.

Die nuwe naam wat die Here ons gee, beskryf ons in die nuutheid van die ewige lewe.

- Hoofstuk 61 vertel dat die Here daardie dag aan almal wat opgewek is, vreugde-olie sal gee.
- Dis 'n teken van ongekende blydschap, want in die Ou Testament is daar altyd met olie feesgevier. Dis op die eregaste uitgegiet en in kommetjies aan die brand gesteek om lig te maak.

Dit is tog 'n beskrywing wat sinspeel daarop dat ons in die Here Jesus Christus vrypraak van ons sondes kry.

- Ons kry ook liggaamlike herskepping.
- Soos wat dit in Sagaria staan, gaan ons as eregaste in die koninkryk van God in – nuut en smetvry in die bloed van die Here Jesus Christus.

Ons lees inderdaad weer van hierdie profesie, maar dan van die vervulling daarvan, want die apostel Johannes sien 144 000 uitverkorenes saam met die Lam op die berg Sion.

- Almal van hulle het die Naam van die Seun en van die Vader op hulle voorkoppe geskryf.
- Hulle sing 'n nuwe lied wat net hulle kan leer.

Die Bybel profeteer daarvan in die gedeeltes in Jesaja wat ons saam gelees het:

- Puinhope sal weer herbou word.
- Verwoeste plekke uit vroeër dae sal weer opgerig word.
- Die liggame wat vernietig is deur die dood en ontbinding sal op God se bevel herskep (herbou) word.
- Ons sal nie net met ons siele na die hemel toe verhuis nie. Ons sal daar wees as volle mense, met liggaam en siel.

Hier staan dat die Here letterlik alles van geslag tot geslag nuut gaan maak. Dis net weer 'n bevestiging dat alle geslagte wat deur die eeue gelewe het, opgewek sal word.

Wanneer dit gebeur, betree ons 'n tydperk van tydlose vreugde waar daar nie meer slytasie van siekte en dood sal wees nie.

- Daar gaan ook nie meer dinge wees soos kapings en ontvoerings en moorde en huisbrake – wat ook al van dié soort nie.
- Daar is net die vrede van die ewige lewe.
- So sal ons lewe wees daar waar die Here ons met 'n nuwe naam benoem. Ons sal 'n kroon wees in die hand van die Here.

Die dinge het betekenis vir ons wat hier saam is vanaand, want dit laat ons besef dat ons reeds in beginsel hierdie dinge belewe.

- Ons het dus die geloofstroos dat ons die jaar 2014 met die Here se vrede kan ingaan.
- Daar sal hartseer op ons pad wees – anders sal die Here mos nie nodig hê om ons te troos nie!
- Baie van ons gaan dood en pyn deurmaak. Die ervaring daarvan is alles behalwe aangenaam.
- Die waarheid is dat daar 'n dag kom wanneer elkeen van ons gaan sterf.

Hoe vat ons hierdie jaar en wat vang ons daarmee aan?

- Die eerste antwoord is dat ons positief en gelowig moet wees en bly.
- Ons almal moet onthou dat alles nie by dinge soos kapings en huisbrake en mishandeling en dood vassteek nie.
- Die Here Jesus het die dood verander na 'n deur toe waardeur ons loop om van hierdie lewe af na die ewige lewe by God te loop.

Daar kom 'n dag wanneer die Here die bevel aan die aarde gaan gee om al die dooies wat in hom begrawe is, terug te gee.

- Daardie dag neem Hy die wat Hy verheerlik op in sy heerlijkheid.
- Die geaardheid en doen en late van die eerste groep wat opgewek word, sluit nie weer beplannings van roof en bomplantings en allerlei booshede in nie.
- Dit is ons troos.

Laat ons met getrouheid volhard in hierdie geloof – soos wat die Here dit van ons almal vra. Dan sal ons vry-uit kan lewe soos wat daar in Jesaja 61:10 geskrywe staan:

**Ons is bly in die Here, ons siel juig in ons God, want Hy het ons beklee met die klere van heil.**

Dan kan ons 2014 met groot vertroue ingaan.

Ons hoor hierin iets van wat die boek Openbaring leer, naamlik dat die Bruid gereed-gemaak is vir die Bruidegom.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 48:5 (p. 245)

- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,  
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.  
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –  
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:  
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 31 Desember 2013